Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
(Noord Kaapse Afdeling)

Saak no: CA & R 114/02
Datum verhoor: 2003-02-03
Datum gelewer: 2003-02-03

In die appél van:

**STHEMBILE LUXOLO** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS WNR

# UITSPRAAK OP APPéL

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is skuldig bevind op 'n aanklag van huisbraak met die opset om te verkrag en verkragting en is gevonnis tot 12 jaar gevangenisstraf.

2. Die appellant het onskuldig gepleit tydens die verhoor en het regsbystand geniet van 'n prokureur tydens sy verhoor. Die appellant se verweer was dat hy gemeenskap erken het, maar beweer dat dit met toestemming van die klaagster plaasgevind het.

3. Die Staat het die getuienis van 2 getuies aangebied, te wete die klaagster Victoria Steenkamp sowel as dié van ene Ivan Steyn aan wie die klaagster die eerste rapport gemaak het aangaande die verkragting.

4. Volgens die klaagster se getuienis is sy in die vroeë oggendure wakker gemaak deur 'n klop aan die voordeur

van die woning waar sy geslaap het, te wete die woonhuis van haar mansvriend wat uitstedig was. Sy het dié klop geÔgnoreer en is daar later weer aan die kamervenster by haar geklop, welke klop sy ook geÔgnoreer het. Na ‘n rukkie en toe sy besig was om in te sluimer, het sy ‘n geraas gehoor en het ‘n venster hoor breek aan die kombuis se kant. Sy was vreesbevange en het skuiling gesoek in ‘n hangkas in die slaapkamer. Die appellant het daar binne gekom, hulle 2 het gestoei en die appellant het haar op die bed neergegooi en haar gewurg. Daarna het die appellant teen haar sin en sonder haar toestemming met haar gemeenskap gehou. Sy het daarin geslaag om weg te kom en het die aanval gerapporteer aan Mnr Ivan Steyn wie se huis daar naby was.

5. Meneer Steyn het getuig dat hy omstreeks 5 of 6 uur

daardie oggend wakker gemaak is deur die klaagster en sy het aan hom gerapporteer dat sy verkrag is deur ene Staera. Dit blyk gemeensaak te wees dat Staera die appellant se bynaam is. Volgens Mnr Steyn het die klaagster skrikkerig voorkom en hy het saam met haar omgestap na die woonhuis waar sy geslaap het. Hy het 'n gebreekte venster opgemerk en dit het vir hom voorgekom asof dit onlangs gebreek is want daar het gebreekte glas nog buite en binne die huis gelÍ. Die appellant was nie daar nie en die polisie is ontbied. Ene inspekteur Bokeng was een van die eerste polisielede op die toneel en het volgens Mnr Steyn 'n yster buitekant naby die gebreekte venster opgetel. Hierdie betrokke polisiebeampte se getuienis is egter nie deur die Staat aangebied nie.

6. By ooreenkoms tussen die partye en met erkenning van die inhoud daarvan, is die J88 wat die gegewens van die mediese ondersoek op die klaagster bevat, ingehandig as bewysstuk by die hof. Dit is dienstig om nou alreeds te verwys na die inhoud van hierdie bepaalde dokument. By die nalees van hierdie dokument word die leser niks wys of daar inderdaad geslagsgemeenskap met die klaagster gehou was al dan nie. Die enigste wesenlike aspekte wat blyk uit hierdie verslag is die volgende:

a) Dat die ginekologiese ondersoek maklik plaasgevind het;

b) Dat die klaagster se maagdevlies nie intakt was nie;

c) Dat daar smere van die klaagster geneem was.

Dit is baie jammer dat die mediese beampte wat die ondersoek gedoen het so 'n bolangse ondersoek gedoen

het en so ‘n karige J88-verslag saamgestel het. Dit wil my voorkom dat in veral verkragtingsake in die plattelandse gebiede mediese beamptes hulle dikwels skuldig maak aan hierdie nalate. Dit bevorder glad nie die belange van die regspleging nie en doen eintlik die slagoffers van verkragting (in gevalle waar daar wel verkragting bewys word) ‘n onreg aan. Opsommenderwys dus kan gesÍ word dat die mediese verslag voor die Hof heeltemal ontoereikend is ter bepaling van die vraag of daar geslagsgemeenskap sonder die klaagster se toestemming plaasgevind het. Belangrik verder ook is om uit te wys dat daardie verslag geen aanduiding bied van enige beserings hoegenaamd aan die klaagster se liggaam nie.

7. Die appellant het ook getuig en het beweer dat hy en die

klaagster 'n intieme verhouding gehad het. Sy het hom vroeër die dag van die bepaalde voorval genooi om haar te besoek, klaarblyklik omdat haar mansvriend uitstedig sou wees. Hy het by haar deur aangeklop om ongeveer middernag in reaksie op haar voormelde uitnodiging. Sy het die deur oopgemaak en hulle 2 het geslagsgemeenskap gehad. Volgens die appellant het iemand later aan die deur geklop. Die klaagster het gaan kyk en teruggekeer en gesÍ dit is ene Damoi wat 'n kollega van die appellant was. Later het daar 'n stryery ontstaan, klaarblyklik oor hierdie onverwagse besoek van Damoi en het die appellant die klaagster toegesnou dat sy *vigs* het en dat sy *'n hoer* is. Hierdie aantygings het, soos verwag kan word, 'n hewige argument tussen hulle ontlok, volgens die appellant. Hy het toe die volgende oggend daar vertrek en het sy baadjie agtergelos. Hy is kort

daarna gearresteer. Die appellant ontken heeltemal dat hy die klaagster verkrag het en ontken ook die bestaan van ‘n gebreekte vensterruit of dat hy dit veroorsaak het daar by die woonhuis. Volgens die appellant is hy die mening toegedaan dat die klaagster vir hom kwaad was oor die aantygings wat hy haar toegesnou het en dat sy derhalwe ‘n valse klag van verkragting teen hom gelÍ het.

8. Die landdros het bevind in sy uitspraak dat die klaagster ‘n gunstige indruk op hom gemaak het en so ook Mnr Steyn. Hy het kennis geneem van die verskille in die weergawes tussen hierdie 2 getuies, maar het die mening gehuldig dat dit nie van wesenlike aard is nie. Wat die appellant aanbetref het hy sy getuienis verwerp omdat dit heeltemal onwaarskynlik is.

9. ‘n Hof van Appél se bevoegdhede is natuurlik beperk wanneer dit kom by die

geloofwaardigheidsbevindinge van die *hof a quo*. Die verhoorhof is per slot van sake in 'n baie beter posisie om die getuies te kan beoordeel aangesien hy self die getuies waargeneem het. Hoe dit ookal sy, val dit onmiddellik op dat die geleerde landdros versuim het om hoegenaamd melding daarvan te maak dat hy die klaagster as enkelgetuie se getuienis met versigtigheid benader het. Bowendien, en in elk geval, blyk dit nie uit die uitspraak self dat so 'n versigtige benadering tot die klaagster se getuienis toegepas is nie. Hierdie is uiteraard 'n wesenlike mistasting en is hierdie Hof van Appél veroorloof om die getuienis opnuut te evalueer.

10. Op die oorkonde wil dit voorkom asof Mnr Steyn wel as 'n geloofwaardige getuie aangemerk kan word. Hy het nÍrens sy getuienis aangedik nie en strook sy weergawe

met die waarskynlikhede. Sy getuienis dien geensins as stawing vir die klaagster se bewering dat sy verkrag is deur die appellant nie, maar bevestig dit bloot dat die klaagster wel aan hom 'n rapport gemaak het dat sy deur die appellant verkrag is. Verder openbaar sy getuienis bloot dat die klaagster skrikkerig voorgekom het en dat daar 'n gebreekte vensterruit was by die woonhuis waar die klaagster geslaap het.

11. Die klaagster se getuienis wemel van weersprekinge. Ek verwys na enkele daarvan:

11.1 Die klaagster weerspreek haarself in haar getuienis of sy haarself binne-in die kas versteek het of daar langsaan;

11.2 Sy trap ook klei oor watter klere die appellant die aand aangehad het, ondermeer of hy 'n baadjie aangehad het;

11.3 Sy is dit nie baie duidelik of die appellant enige van sy klere uitgetrek het voordat die verkragting plaasgevind het nie;

11.4 Daar is 'n direkte weerspreking in haar getuienis oor die vraag of die appellant 'n yster in sy hand gehad het al dan nie.

12. Daar is verder ook etlike onwaarskynlikhede van 'n ernstige aard aan te merk in die klaagster se weergawe. Ek volstaan met enkele voorbeelde:

12.1 Sy het nooit gegil tydens die aanval op haar nie;

12.2 Volgens haar het die verkragting deur die appellant 'n hele uur lank geduur;

12.3 Voor die aanval op haar het die klaagster nooit met die appellant, wat aan haar goed bekend was, gepraat nie. Sy het hom nie eens gevra wat hy daar soek daardie tyd van die nag nie.

12.4 Een van die belangrikste aspekte is die feit dat die klaagster geen merkbare beserings opgedoen het nie. Soos sy die aanval beskryf moes daar ten minste merke op haar nek gewees het. Nóg Ivan Steyn, nóg die geneesheer luidens die J88-verslag, het enige merkbare kneusings of beserings op haar opgemerk.

13. ‘n Aspek wat verdere evaluering verg is die manier waarop die landdros te werk gegaan het met die getuieverklarings van beide die klaagster en Ivan Steyn. In beide hierdie gevalle het die prokureur wat namens die appellant verskyn het tydens die verhoor indringend gekruisondervra oor die klaarblyklike verskille tussen die getuies se getuieverklarings en hulle *viva voce* getuienis. Die landdros het hierdie kruisondervraging toegelaat en het inderdaad by geleentheid self vrae daaraangaande gestel aan die betrokke getuies. Tóg het die landdros nooit toegesien dat die kruisondervraer behoorlik bewys dat die gewraakte getuieverklaring dié van die betrokke getuie is nie. Die gewone prosedure waarvolgens ‘n getuie versoek word om sy/haar handtekening op die bepaalde getuieverklaring te identifiseer en die korrektheid van die inhoud van die verklaring te bevestig en die verklaring daarna ingehandig word, was glad nie gevolg in hierdie saak nie. Daar is bloot van die verklarings gelees en is daar dan aan die betrokke getuies stellings gemaak of

vrae gevra daaraangaande. By die nalees van die oorkonde weet 'n mens nie:

a) of die betrokke verklaring wel dié van die getuie is nie; en

b) of die stellings wat uit die verklarings geneem word, wel korrek aangeteken is nie.

Hierdie is natuurlik 'n baie onbevredigende toedrag van sake. Tydens sy uitspraak het die landdros, eintlik heeltemal tereg, bevind dat aangesien die getuieverklarings nie behoorlik bewys is en voor die hof geplaas is nie, hy glad geen ag slaan op die inhoud daarvan en gevolglik op enige weersprekinge tussen die getuieverklarings en 'n getuie se *viva voce* getuienis nie. Hierdie is natuurlik die korrekte benadering, maar ontstaan die vraag onmiddellik *waarom het die landdros*

*dan die kruisondervraging toegelaat in die eerste plek as hy bewus was van hierdie tekortkoming?*

14. Hoe dit ookal sy, op appél en gegewe die wesenlike mistastings wat begaan is deur die landdros, is hierdie Hof nie aangewese om te let op enige beweerde weersprekinge tussen die getuienis van die klaagster en haar getuieverklaring nie. Die rede daarvoor is eenvoudig dat só 'n getuieverklaring nooit behoorlik bewys is nie en in elk geval nie voor ons is nie. Dieselfde benadering geld natuurlik in die geval van die getuie Ivan Steyn.

15. Die appellant se weergawe bevat verskeie aspekte wat 'n skadu daaroor werp. Alhoewel etlike onwaarskynlikhede daarin voorkom, kan daar egter na my mening nie gesÍ word dat sy weergawe nie redelik moontlik waar is nie. Gegewe die etlike onwaarskynlikhede in die klaagster se

getuienis wat ek alreeds aangemerk het, kan dit nie as vals bo redelike twyfel afgemaak word dat die klaagster wel moontlik toegestem het tot geslagsgemeenskap met die appellant nie en dat sy uit onvergenoegdheid hierdie klagte teen hom gelÍ het.

16. Wanneer daar in ‘n strafsaak al die getuienis oorweeg word en in die weegskaal geplaas word, dan is die vraag wat beantwoord moet word: *Stel die getuienis voor die hof bewys bo redelik twyfel daar? Indien wel, moet die beskuldigde skuldig bevind word.* Logies gepaardgaande met die voorafgaande vraag is die stelling dat ‘n beskuldigde vrygespreek moet word as dit redelike moontlik is dat hy onskuldig mag wees. Hierdie 2 vrae kan slegs beantwoord word aan die hand van al die getuienis voor die hof. Vergelyk in dié verband **S v Van Aswegen 2001(2) SASV 97 (HHA)** te 101 a-e.

17. In hierdie saak is ek nie tevrede dat wanneer die getuienis opnuut evalueer word gegewe die landdros se wesenlike mistasting soos voormeld nie, die Staat sy saak bo redelike twyfel bewys het nie. Na my mening bestaan daar 'n redelike moontlikheid dat die appellant onskuldig mag wees. Daar kan na my mening nie gesÍ word dat sy weergawe vals bo redelike twyfel is nie. Onder die omstandighede dus moet hy die voordeel van die twyfel geniet en is hy op sy onskuldigbevinding geregtig.

18. Ek ag dit nodig om ten slotte melding te maak van die onbillike kruisondervraging waaraan die prokureur wat vir die appellant verskyn het, die klaagster onderwerp het. Hierdie kruisondervraging was op erg onhoflike en ongeduldige wyse gevoer. Die landdros het ongelukkig jammerlik daarin gefaal om die prokureur daaraangaande

tereg te wys. Getuies in ons howe moet, sonder uitsondering en ongeag wat hulle geslag, ras of sosiale agtergrond is, met beleefdheid behandel word. Indien nie, sal die regspleging in diskrediet verval. Ek moet dit duidelik maak dat dit nie mnr Robertson was wat tydens die verhoor vir die appellant opgetree het nie.

**19. By gevolg word die appél gehandhaaf en word die appellant se skuldigbevinding en vonnis tersyde gestel.**

______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stemsaam:**

______________

**CC WILLIAMS**

**WAARNEMENDE REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | MNR MH ROBERTSON |
| NAMENS RESPONDENT | : | ADV E KAMMIES |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2003-02-03 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2003-02-03 |